Briewe letters

Prof Japie Engelbrecht, Port Elizabeth:
Ek is nou nie eens 'n oud-Matie nie (my pa, my 3 seuns en 2 skoondogters wel), maar ek wil uit my hart vir jou dankie sê vir "Die laaste sê" in die jongste Matieland (2004:2). Want jou boodskap is van toepassing nie net op Maties nie, maar op ons ALMAL in Suid-Afrika.

Ek is weliswaar een van diegene wat gou is om vinger te wys en te sê "see, I told you". En vergeet dan om na die positiewe kant te kyk. Of te help om die situasie om te draai na die positiewe kant toe. Ja, dit is so dat daar BAIE dinge verkeerd is in ons land. Maar kritiek en rugsteek is nie die antwoord nie.

Ek beplan om hierdie Matieland in my kantoor te hou, en een keer per maand weer jou artikel te lees. Sodat ek kan onthou waaroor dit WERKLIK gaan. In die woorde van my vader dus : "Doe zo voort !! "

(Baie dankie vir u brief! - Red.)

LO in 1938. Mev Van der Merwe en haar klasmaats

Mev Bettie van der Merwe, Middelburg, Oos-Kaap
Baie dankie vir u brief. Dit was interessant om te lees van u weder-varinge. Ongelukkig is u brief te lank vir publikasie, maar ons plaas dit graag op die alumni webblad (www.matiesalumni.net). Die foto wat u aangestuur het, verskyn wel hiernaas. – Red.

Mnr Basil Wunsh, Riviera
Baie dankie vir u lewendige vertelling van u rugby-dae op Stellenbosch! Lees gerus die artikels op bladsy 36.

Ongelukkig was u briefie ook te lank vir plasing. Ons stuur ook u briefie aan die Alumni-webblad. – Red.

RedaksioneelEditorial

Trailbuster-stewels *met rooi veters en groot, geel SR-sambrele. In my jare op Stellenbosch was dít die standaard toerusting om in die winter relatief droog by die klas uit te kom! Vandag lyk die modes natuurlik verskillend, maar die prentjie is nog dieselfde – studente wat gebukkend onder sambrele die Rooplein probeer oorsteek onder aanslae van vlae reën. Gelukkig is daar die belofte van 'n vinnige koffie in die Neelsie. Ai, maar wintertyd bly maar spesiaal op Stellenbosch!*

Winters is egter vir baie mense 'n stryd om oorlewing en gepas fokus ons dus in hierdie winter-uitgawe op hoe die US 'n verskil in die wêreld om hom maak. By die Universiteit staan dit bekend as rolspeling - een van die 5 elemente in die US se Visiestelling 2012. Op bl 3 vertel prof Julian Smith, die Viserektor (Bedryf), meer hieroor. Heelwat van die artikels in Matieland fokus ook op rolspeling en nooi ek graag alle Oudmaties uit om navraag te doen oor hierdie projekte en hoe om betrokke te raak!

Loer gerus ook na ***Alumnus*** *wat hierdie uitgawe van Matieland vergesel. Hier gee ons praktiese raad oor betrokkenheid en hoe jy 'n verskil in die wêreld kan maak.*

Matiegroete, **MartinViljoen**
Redakteur

Gereelde Medewerkers **Regular Contributors**

DouglasDavis Min mense ken die Universiteit so goed soos Douglas. Nie net is hy 'n gesoute joernalis nie, maar was ook vir lank redakteur van *Matieland*. Hy is amper liewer vir sy Staffies as vir sy kinders en is 'n bobaas storieverteller. Douglas het in 2004 aan die US afgetree.

EngelaDuvenage Engela sê sy't 'n brein soos 'n Chappie-papiertjie - vol klein brokkies inligting uit verskillende velde. Dis hoekom sy haar deeltydse pos by die Fakulteit Natuurwetenskappe as wetenskapskrywer en mediaskakel so geniet, want op een dag kan sy van reptielsoektogte in die Cederberge en toetse vir suiwer olyfolie tot die nuutste ontwikkelings in "slim" tekstiele, dieetversteurings of pikkewynimmuniteit skryf. Engela het 'n meestersgraad in wetenskapsjoernalistiek en werk ook as vryskut joernalis en taalpraktisyn.

CarolynFrost Carolyn is *Matieland's* organic woman, loving anything that's fresh, earthy and natural. A prolific writer, Carolyn puts some of the most interesting people right into the mailboxes of *Matieland* readers. If you see someone struggling to get a huge Great Dane (and calling it a puppy) into a Bakkie, it's Carolyn!

KarinTheron Karin is *Matieland* se landbou-skrywer en 'n ongelooflike goeie een daarby. Sy skryf reeds 15 jaar lank landbou-nuus en weet hoe om die vaalste storie voorbladnuus te maak. Sy is 'n natuurmens met 'n spontane liefde vir die landbou en boonop is sy mal oor die mense in die landbou. Karin is 'n vryskut joernalis wat vir die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe mediaskakeling doen.

SybelleAlbrechts Sybelle is die skrywende voorbeeld van 'n 'gesoute' joernalis. Sy is trouens só gesout dat sy 'n ou hand op rickety ou Royal tikmasjiene is, en nog kan onthou hoe 'n koerant in lood geset word! Was vir lank 'n dagbladjoernalis maar het sedertdien 'n fassinerende tuiste gevind in die feiteparadys van mediese joernalistiek.

HeidiOctober Die gesig wat Oudmaties regoor die wêreld leer ken – en laat terugverlang na Stellenbosch. Heidi is die US se Alumni-verhoudingsboubeampte en al klagte wat sy van haar opwindende werk het, is dat die DBV haar nie 'n hond wil gee nie omdat sy te veel reis. Met 'n lewensleuse soos "carpe diem" is dit g'n wonder sy dink slaap is vir die voëls nie en dat "bungee-jump", reis na Kuba, leer salsa dans en om spoedkaartjies te vermy op die amptelike 3 maande Heidi-lys is nie.

JulieStreicher Julie's surname should have been Striker as she is to the point, precise and effective. Ask her for a *Matieland* contribution and she delivers. Julie is a professional writer at the University's Business School in Bellville with years of journalism and English editing experience.

Johan Groenewald, Durbanville:
Ek stel al so lank uit om aan u te skryf. Ek hoop ek skryf namens duisende ander Oud-Maties as ek sê dat ek onlangs aangenaam verras was met die laaste uitgawe van *Matieland* (einde 2004).

Gewoonlik is dit nie iets wat ek my Sondagmiddag-slapie voor sal opoffer nie, maar met dié prag-uitgawe wil ek u werklikwaar gelukwens. Wat my die plastiekomhulsel die keer laat afruk het, was die treffende buitebladfoto. Dis persoonlik, vars en iets anders. Van meet af was ek *gehook* op die artikels en het elkeen verslind. Daar was iets anders aan hierdie eksemplaar. Inderdaad, dit het my besig gehou tot aan die einde.

Daar was sowaar ook 'n brief van die redakteur aan die einde (iets anders en nuut) met heel gepaste "raakvatter" opmerkings.

Komplimente aan die redakteur en sy span. Hou so aan! Dit het my laat trots voel as Oud-Matie om die *Matieland* weer te lees en te voel en te dink – maggies, ek was deel van Matieland!

Prof Pierre de Vos, Bellville:
Die berig oor die voëlvry protesbeweging in die vorige uitgawe van *Matieland* het my met 'n mengsel van nostalgie en afgryse vervul. Daardie dae was die owerhede onwrikbaar gekant teen enige studente wat teen apartheid en apartheidsinstellings geprotesteer het. Die Rektor, gesteun deur baie professore wat nog steeds op Stellenbosch klasgee, het selfs 'n student geskors wat 'n protesoptog ten gunste van nie-rassige koshuise gelei het. Gelukkig het dit die lewe vir ons kritiese (wit) studente baie opwindend gemaak.

Die skrywer maak egter 'n klein maar belangrike fout deur te verwys na 'n slagspreuk by 'n protesoptog wat sou lui: "Mike het Kerkorrel se Mike gevries." Die slagspreuk is een nag met wit verf in groot letters op die Rooiplein aangebring (ek sal maar nie sê deur wie nie!), en was nog meer spitsvondig as wat berig is. Dit het gelui: "Wie het Kerkorrel se Mike geVries?"

Iets op die hart?

Matieland verwelkom briewe aan die redakteur. Alle briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moenie langer as 300 woorde wees nie. **Rig dit aan:** Die Redakteur Matieland, Afdeling Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Faksnommer: (021) 808 3800 of e-pos media@sun.ac.za

The A – Zulu of Stellenbosch writers

Stellenbosch Writers, by **RosemarieBreuer**, is a COMPLETE GUIDE to 353 authors with Stellenbosch roots and was launched at the Woordfees earlier this year. It covers all genres - fiction and non-fiction.

Rosemarie was born in Germany and 23 years ago moved to Stellenbosch where she became an ardent local patriot. Her hobby is bird watching and she decorated her book with artist Jill Adam's superb drawings of birds found in Stellenbosch. A valuable piece of "Stellenbossiana" as one critic described it.

To order, phone (021) 887 6939 or see www.stellenboschwriters.com

Also available at bookshops, but Rosie gives a discount if you buy more than one copy.